RAADSBELEID

ONDERWERP : TERREIN VIR PRETPARKE EN SIRKUSSE

VERWYSING : 17.6.R

BESLUIT NR : 22.10/01/2003 DATUM : 27 Januarie 2003

BELEIDSOOGMERK : Om die beskikbaarstelling van ‘n terrein op ‘n tydelike basis vir gebruik deur sikusse en pretparke te reguleer.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Fasilitering van gesonde ontspanning

RIGLYNE
1. Erf 2942 word geïdentifiseer as goedgekeurde terrein.

2. Beskikbaarstelling van die terrein as staanplek vir pretparke en sirkusse is slegs tydelik van aard.

3. ‘n Huurtarief vir die perseel is betaalbaar soos vervat in die tariefbundel.

4. Alle elektrisiteitsvoorsieningsvereistes moet nagekom word.

5. Enige dienste gelewer deur die Raad sal, onderhewig aan beskikbaarheid, teen werklike koste gelewer word en ‘n deposito is vooraf betaalbaar soos vervat in die tariefbundel.

PROSEDURE
1. ‘n Skriftelike aansoek word gerig aan die Direkteur Tegniese Dienste waarin die doel en tydsduur van gebruik aangedui word.

2. Die Direkteur Tegniese Dienste stel die aansoeker skriftelik in kennis van die uitslag en voorwaardes van gebruik.

3. Alle ander Direktorate word terselfdertyd van sodanige goedkeuring in kennis gestel.

ROLLE
1. Die Direkteur Tegniese Dienste.
2. Subdirektoraat Finansies.

VERWANTE BELEID
1. Tydelike Tentkerkstaanplekke.
2. Tariefbundel.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.